LAERSKOOL BAKENKOP
GEDRAGSKODE

1. **AANHEF**

Laerskool Bakenkop wil sy leerders nie net akademies toerus nie, maar ook opvoed sodat hul as volwassenes ‘n volwaardige plek in die samelewing kan inneem. Opvoeding vra deurentyd na die volgende verhoudings, nl. begripsverhouding, vertrouensverhouding en gesagsverhouding.

In Laerskool Bakenkop is opvoeding ook die geleenthede waar doelgerig bedrywighede gebruik word om te oefen aan ‘n sinvolle wyse van lewe en die toekoms. Die personeel van Laerskool Bakenkop streef om opvoeding in die skool in geborge omstandighede te laat plaasvind om sodoende ook samewerking te bewerkstellig tussen skool en ouerhuis.

Laerskool Bakenkop se personeel verbind hulself om leerders by te staan om: menswaardig te lewe, sedelik-selfstandig te besluit en te handel, sinvol te lewe, hulself te beoordeel en selfbegrip te ontwikkel, verantwoordelikheid na te streef, aanvaarde waarde aan te kweek en ‘n positiewe lewensopvatting te kweek.

Aangesien die beheerliggaam wetlik verplig is om 'n gedragskode vir Laerskool Bakenkop op te stel en aangesien die beheerliggaam begerig is om die regte van alle leerders, ouers/voogde en opvoeders binne skoolverband te handhaaf, is hierdie gedragskode deur die beheerliggaam, na raadpleging met alle belanghebbende rolspelers aanvaar. Hierdie gedragskode geld ook vir alle aktiwiteite aangebied deur Laerskool Bakenkop, soos vir die naskoolsentrum, sport en kultuur.

2. **WOORDOMSKRYWING**

2.1 Tensy anders aangedui, sal 'n woord wat in artikel 1 van die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Wet Nr. 6 van 1995) omskryf is, dieselfde betekenis in hierdie kode hê.

2.2 In hierdie kode, tensy dit met die konteks nie bestaan nie, beteken:

2.2.1 "aanklaer" die prinsipaal of 'n opvoeder wat deur die prinsipaal aangestel is om die saak teen 'n leerder voor te bring

2.2.2 "departementshoof" die hoof van die departement verantwoordelik vir onderwys in Gauteng

2.2.3 "die skool" Laerskool Bakenkop

2.2.4 "dissiplinêre komitee" 'n komitee wat aangestel is om 'n saak van wangedrag aan te hoor

2.2.5 "ernstige wangedrag" wangedrag soos beskryf in bylae 1 en 2 van die konsepregulasies ten opsigte waarvan die volgende sanksie opgelê kan word:

- “uitsetting” die leerder vir tot vyf (5) skooldae in die sorg van die ouers geplaas word tydens skoolure.
- “skorsing” aanbeveel by die departementshoof van onderwys in Gauteng dat die leerder permanent uit Laerskool Bakenkop gesit word.
- “opskorting” vir ‘n tydperk totdat ‘n kriminele saak afgehandel is of as ‘n korrektiewe maatreël. Indien skorsing vir langer as een week voorsien word, moet die besluit in oorleg met die Departementshoof van Onderwys in Gauteng, geneem word.

2.2.6 "kode" die gedragskode van die skool

2.2.7 "leerder" enige persoon wat as leerder aan die skool onderrig ontvang en wat aan die dissipline van die skool onderhewig is

2.2.8 "die Nasionale Wet" die S A Skolewet, 1996 (Wet Nr. 84 van 1996)

2.2.9 "opvoeder/onderwyser/klasonderwyser" 'n persoon wat wetlik as sodanig by die skool aangestel is wat leerders leer, opvoed of oplei of professionele terapie verskaf

2.2.10 "personeellid" enige persoon werksaam by die skool, insluitende nie-opvoeders, opvoeders en die prinsipaal

2.2.11 "hoof"/"prinsipaal" die persoon wat in die pos van prinsipaal/hoof by die skool aangestel is of 'n persoon wat in daardie pos waarneem

2.2.12 "die Provinsiale Wet" die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Wet Nr. 6 van 1995), soos gewysig

2.2.13 "die regulasies" die regulasies uitgevaardig ingevolge die Provinsiale Wet wat handel met wangedrag van leerders wat as riglyn benut word

2.2.14 "verteenwoordiger" 'n leerder se ouer/voog of 'n mede-leerder wat deur die leerder gekies is om hom of haar by die dissiplinêre verhoor te verteenwoordig

2.2.15 "wangedrag" die wangedrag wat deur 'n ingeskrewe leerder van Laerskool Bakenkop gepleeg word, wat die volgende insluit

a. wangedrag wat op die perseel van die skool gepleeg word, hetsy gedurende of na skoolure;
b. wangedrag wat gedurende enige skoolaktiwiteit gepleeg word, ongeag of dit binne of buite die skoolperseel gepleeg word en gedurende of buite skoolure plaasvind;
c. enige wangedrag wat in of uit skooluniform, binne of buite die skoolperseel gepleeg word, wat

i. geneig is om die skool 'n slegte naam te gee of in diskrediet te bring;

ii. met die beheer en behoorlike administrasie van die skool inmeng;

iii. met die voorwaardes wat vir enige skoolaktiwiteit nodig is, inmeng;

iv. gepleeg word met die bedoeling om enige persoon daarvan te weerhou om sy of haar regte, magte of pligte as lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of wat gepleeg word as vergelding teen sodanige uitoefening; of

v. deur die kode van die skool verbied word (vgl D2 op bl 19)

2.2.16 Tensy anders aangedui, sal 'n woord omskryf in die konsepregulasie betreffende wangedrag by leerlinge, gepubliseer in die Buitengewone Provinsiale Koerant, deur Gauteng Departement van Onderwys, soos gewysig (Vol. 4; Pretoria, 17 April 1998; Nr 480), dieselfde betekenis in hierdie kode hê.

2.2.17 "KLAS/SPORTSOORT-/KULTUURAKTIWITEITREëLS/NASKOOLREëLS":
Sulke reëls word in elke sportspan, klaskamer, na-skoolklas en/of enige kultuuraktiwiteit opgestel deur betrokke onderwyser en leerders/deelnemers gesamentlik. Na ondertekening, geld dit net soos enige ander skoolreël/hierin beskryf.

3. BEGINSELS WAAROP DIE GEDRAGSKODE BERUS.

Die beheerliggaam, opvoeders, leerders en ouers van Laerskool Bakenkop verbind hulle tot die volgende beginsels waarop die gedragskode berus:

3.1 JURIDIESE BEGINSELS

Artikel 8(4) van die Skolewet bepaal dat: “Geen bepalings van hierdie wet stel `n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word , na te kom nie.” Alle leerders word dus wetlik verplig om te voldoen aan die vereistes wat die gedragskode van sy skool aan hom stel.

Die gedragskode verwerp enige optrede of versuim deur enige persoon wat onregmatig inbreuk maak op die relevante basiese regte, soos verskans in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,1996(Wet nr. 108 van 1996). Hierdie basiese regte sluit in : Die Handves van menseregte, die reg op privaatheid, respek en menswaardigheid en die reg op nie-geweldadigheid, vryheid en veiligheid van `n persoon.

3.2 MORELE BEGINSELS

3.2.1 Bevordering en handhawing van die kultuurwaardes van die skoolgemeenskap.

3.2.2 Bevordering van die Christelike waarde- en normsisteme by die skool.

3.3 GEDRAGSBEGINSELS

Die gedragskode:

3.3.1 is gebaseer op die beginsel dat selfgedissiplineerde en voorbeeldige leerdergedrag noodsaaklik is vir die skepping van ‘n gesonde, rustige, veilige en gestruktureerde leerkultuur;

3.3.2 benadruk enersyds die basiese reg van opvoeders om binne ‘n ordelike leeromgewing te onderrig en andersyds die leerders se reg om onderwys binne ‘n gestruktureerde omgewing te ontvang; en

3.3.3 het as oogmerk die bevordering van ’n klimaat van wedersydse respek, selfdissipline en verantwoordelike optrede van al die rolspelers wat by die opvoedingsproses betrokke is.

3.4 UITVOERBAARHEIDSBEGINSELS

Die gedragskode maak deurgaans voorsiening vir ‘n geldige en betroubare toepassing van die beginsels soos in paragraaf 3.1 tot 3.3 uiteengesit Voorts word ‘n hoë premie geplaas op die verantwoordelikheid van ouers/voogde om leerders sodanig op te voed, te rig en te lei dat ‘n gesonde dissiplinêre klimaat in Laerskool Bakenkop gehandhaaf kan word.

4. WAARDES

Die volgende waardes verteenwoordig die waardes van die skool.

4.1 **Christosentriese gedrag**: Om Christus as middelpunt vir jou geloof, leer, gebruike, waardes, optredes en pligte te ag.

4.2 **Lojaliteit**: Is trou teenoor ’n saak of persone waarteenoor ’n mens ’n verbintenis of verpligting het.

4.3 **Respek**: Om ’n persoon, gebruike, gevoelens, tradisies en jouself met agting en eerbied te bejeën.

4.4 **Selfdissipline**: Is om getrou te wees aan eie belange, konsentrasie in studie asook dissipline en selfbeheersing in jou optrede te handhaaf.

4.5 **Eerlikheid**: Om opreg, eerbaar, betroubaar en regverdig met my opmerkings, handelinge en bedoelings te wees.
4.6 **Empatie**: Die vermoë om jou in die plek van iemand anders te stel om sodoende sy reaksies en houdinge te begryp/aan te voel/in te lewe in iemand se situasie.
4.7 **Verantwoordelikheid**: Om verantwoordelik te wees, om rekenskap te gee, om aanspreeklikheid te neem.
4.8 **Integriteit**: Uitstaande moraliteit. Dit wil sê: die vermoë om te doen wat reg is ten spyte van druk en sonder om enige voordeel daaruit te trek.

5. VLAKKE VAN WANGEDRAG

5.1 VLAK A WANGEDRAG

5.1.1 PROSES:

5.1.1.1 Opvoeder teken wangedrag aan in huiswerkboek, meld datum, aard, kode en parafeer.

5.1.1.2 Klasonderwyser voltooi en stuur na 5 aangetekende VLAK A wangedrag `n kennisgewing , B50/2, huis toe. Onderwyser hou fotostaat van huiswerkboek, en kennisgewing,B50/2, in vooglêer.

5.1.1.3 Ouer/Voog bespreek die wangedrag met die leerder. Ouer/Voog teken die ontvangs-erkenning, B50/3 en stuur dit met leerder terug na die klasonderwyser.Klasonderwyser liasseer die ontvangserkenning by die kennisgewing.

5.1.1.4 Ouers/Voogde raadpleeg daagliks huiswerkboek, skakel met onderwyser indien nodig

5.1.1.5 Ouers/Voogde verleen aan skool hulp met toepassing van dissipline tuis op ‘n wyse van eie keuse om sodoende te verseker dat die betrokke leerder selfdissipline by skool toepas en bydrae tot `n klimaat wat leer en onderrig help bevorder.

5.1.1.6 Leerder wat na bewering wangedrag gepleeg het om verslag te lewer, indien verkies. Ondersoek-opvoeder se waarnemings , B50/5

5.1.1.7 Die dissiplinêre komitee mag ingeval van ernstige wangedrag onmiddellik die werking van die dissiplinêre komitee in werking stel

5.1.1.8 Beweerde wangedrag onder ouer se aandag bring, B50/4

5.1.1.9 Met herhaalde wangedrag kan die volgende waarskuwings gerig word, afhangende van aard van wangedrag:

a. mondelinge waarskuwing
b. skriftelike waarskuwing: eerste/tweede, B50/6
c. skriftelike waarskuwing van ernstige aard, B50/7
d. finale waarskuwing, B50/8
e. kennisgewing om voor dissiplinêre komitee te verskyn en regte van aangeklaagde, B50/9

5.1.1.10 Leerder het die reg om vertoë te lewer en kommentaar daarop, B50/10

5.1.1.11 Skriftelike verduideliking oor beweerde wangedrag, soos beskryf in konsepregulasies,

B/50/11. Hierdie verduideliking word deur leerder voltooi, indien verkies, voordat verskyning voor dissiplinêre komitee gemaak word.

5.1.2 MERIETE

5.1.2.1 ’n Leerder verwerf ’n meriete met positiewe gedrag

5.1.2.2 Opvoeders teken meriete in huiswerkboek aan

5.1.2.3 Vir elke groep van vyf merietes aangeteken, word leerder skriftelik gelukgewens, B50/1

5.1.3 SANKSIES

1. Oortreder word vermaan.

2. Ontneem van voorregte: Deelname aan na-uurse bedrywighede/uitstappies na-uurse skoolbedrywighede.

3. Die wangedrag wat plaasgevind het word met ouers bespreek om sodoende te probeer verhoed dat sodanige wangedrag nie weer plaasvind nie.

4. In geval van klas-/groepwangedrag: ouervergadering.

5. Detensie vir tydperk. Ouers kan ook help toesig hou.

6. Gedragsleiding deur personeel/ ouer.

7. Na ooreenkoms met ouer/voog gedragsleiding deur buitepersoon/berader werksaam in skool vir rekening van ouer/skool.

8. Ingeval van huiswerkversuim, word leerder aan klas onttrek, onder toesig geplaas (kantore/waar skoolpersoneel beskikbaar is) sodat agterstallige werk ingehaal word. Leerverlies wat plaasvind weens inhaal van huiswerk wat nie vooraf gedoen is nie is vir die rekening van die leerder.

9. Prinsipaal stel ouers/voogde in kennis, indien nodig, met ontvangserkenning en reël onderhoud met ouers/voogde in prinsipaal se kantoor in ’n poging om ’n oplossing vir die beweerde wangedrag te probeer vind.

10. Ouers/Voogde word aanspreeklik gehou vir skade deur hul kind moedswillig /met opset veroorsaak.

11. Toeken van take om te verrig op die terrein.

12. Dissiplinêre verhoor deur dissiplinêre komitee van beheerliggaam. Die dissiplinêre komitee kan `’n sanksie soos hierbo beskryf, afdwing.

13. “Uitsetting” of “skorsing”, indien ernstige wangedrag.

5.2 VLAK B WANGEDRAG. (Ernstige wangedrag) .

5.2.1 PROSES:

5.2.1.1 Die proses geld soos vir vlak A wangedrag.

5.2.1.2 Onderwyser versamel inligting en stel departementshoof opvoedkundige leiding en prinsipaal in kennis.

5.2.1.3 Departementshoof opvoedkundige leiding hanteer die aangeleentheid op die volgende wyse, nl.:

a. Doen gedragsleiding.

b. Stel prinsipaal in kennis.

c. Prinsipaal stel ouers/voogde in kennis, indien nodig skriftelik met ontvangserkenning en reël onderhoud met ouers/voogde in prinsipaal se kantoor in `n poging om `n oplossing vir die beweerde wangedrag te probeer vind.

5.2.1.4 Prinsipaal stel dissiplinêre komitee, leerder(s) en sy/hul ouers/voog in kennis van `n dissiplinêre verhoor en meld plek, datum , tyd en aard van oortreding.

5.2.1.5 Berei dokumentasie voor wat die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam in staat stel om `n dissiplinêre verhoor te hou.

5.2.1.6 Enige verdere wangedrag van dieselfde aard: personeellid aan diens lig prinsipaal in en lewer bewyse vir verdere hantering.

5.2.1.7 Die dissiplinêre komitee mag ingeval van ernstige wangedrag onmiddellik die werking van die dissiplinêre komitee in werking stel.

5.2.2 SANKSIES

5.2.2.1 Leerder word vermaan en gedragsleiding word gegee deur onderwyser soos deur prinsipaal opdrag gegee.

5.2.2.2 Wangedrag word met ouers/voogde bespreek in `n poging om `n oplossing vir wangedrag te probeer vind.

5.2.2.3 Na ooreenkoms met ouers/voogde interne berading deur berader in skool werksaam vir rekening van die ouer/voog.

5.2.2.4 Skool versoek ouers/voogde om eksterne hulp vir eie rekening te bekom.

5.2.2.5 Ouers/Voogde dra koste van skade aangerig.

5.2.2.6 Skorsing en uitsetting word na verhoor oorweeg deur dissiplinêre komitee van beheerliggaam.

5.2.2.7 Die wangedrag wat plaasgevind het word met ouers bespreek om sodoende te probeer verhoed dat sodanige wangedrag weer plaasvind.

5.2.2.8 Detensie word toegeken vir wangedrag waaraan leerder skuldig bevind is: Ouer/Voog kan versoek word om met detensie-toesig behulpsaam te wees.

5.2.2.9 Gedragsleiding in opdrag van die dissiplinêre komitee.

5.2.2.10 Take op die terrein word toegeken aan die leerder wat skuldig bevind is aan wangedrag.

5.2.2.11Die dissiplinêre komitee beveel by die Departementshoof van Onderwys in Gauteng aan dat leerder skuldig bevind aan wangedrag en dat hy/sy permanent uit die skool geskors word.

GEDRAGSKODE/KODE VAN DIE SKOOL: VLAK A

A.1 SKOOLBYWONING

A1.1 Ek woon die skool getrou en gereeld by in normale skoolure.

A1.2 Indien ek siek is of met 'n ander geldige rede afwesig is, sal my ouers/voogde die skool, telefonies of per brief aan die registeronderwyser, in kennis stel.

A1.3 As ek nie die skool bywoon nie, sal ek self uitvind watter werk behandel is en dit op my eie tyd inhaal, sonder om 'n verpligting op die personeel, hieroor, te plaas.

A2. DAAGLIKSE PROGRAM

A2.1 Ek tree elke oggend stiptelik om 07:30 aan voor my klas of op aantreeblad soos van toepassing.

A2.2 Ek sal stilbly en stilstaan sodra ek aantree sodat ek kan luister na my onderwyser se opdragte/mededelings en met 'n positiewe gesindheid daarop reageer.

A2.3 Ek sal elke keer as ek laat kom eers by die kantoor aanmeld sodat my naam aangeteken kan word.

A2.4 Ek sal op enige ander tyd soos gereël deur onderwysers ordelik in rye/klasrye aantree, stilbly en aandag gee. Ek sal alle billike opdragte by sulke aantreegeleenthede gehoorsaam.

A2.5 Ek sal geen volwassene/mede-leerder slegsê, vloek, leed aandoen, beseer en spotname gee.

A2.6 Ek sal nie na ander mense met stokke, klippe of ander voorwerpe gooi nie.

A2.7 Ek sal weg van die skool die groep/terrein slegs met spesifieke toestemming verlaat.

A2.8 Ek sal, sodra ek by die skool kom, na my speelplek/saamkomplek beweeg.

A2.9 Ek sal nie troeteldiere na die skool bring, tensy deur `n onderwyser gereël.

A3. VOORKOMS

A3.1 **KLEREDRAG:** Ek sal altyd my skooldrag skooltoe dra. Sien Huiswerkboekie vir amptelike skooldrag en sportdrag.

LET WEL:

A3.2 Sweetpakke is nie amptelike skooldrag nie - wel sportdrag. Leerders wat in die middag aan 'n wedstryd deelneem, mag met hul volledige sweetpak skool toe kom. **Slegs 'n Bakenkop gholfhemp mag onder die sweetpakbaadjie gedra word.**

A3.3 Die sweetpakbaadjie mag ook as trui gedra word, maar die broek mag nie as langbroek (seuns en dogters) gedra word nie.

A3.4 Met my verjaardag mag ek gewone gepaste klere skool toe dra, dit geld egter nie so vir skooluitstappies nie.

A4. **DRA VAN GRIMERING**

A4.1 Ek sal nie grimering dra tydens skoolure/skoolaktiwiteite nie.

A5 **HARE VAN DOGTERS**

A5.1 Ek sal nie op my voorkop hare dra wat aan my wenkbroue raak nie.

A5.2 Ek sal my lang hare in 'n poniestert(e) vasbind met maroen/wit/bruin linte, rekkies (ook "wurms") en haarbande.

A5.3 Ek sal nie my hare golf of kleur nie.

A6. **HARE VAN SEUNS**

A6.1 Ek sal my hare netjies kort knip sodat daar nie 'n "wal" vorm nie.

A6.2 Ek sal nie op my voorkop hare dra wat aan my wenkbroue raak nie.

A6.3 Ek sal die hare in my nek skoonskeer.

A6.4 Ek sal die hare om my ore oopknip sodat die hare nie aan my ore raak nie.

A6.5 Ek sal nie my hare kleur of golf nie.

A6.6 Ek sal my hare op 'n natuurlike wyse dra sonder om middels aan te smeer wat my hare in vorms styf hou.

A7. **JUWELE: DOGTERS**

A7.1 Ek sal geen juweelstuk behalwe die volgende dra:

A7.1.1 Gewone goue of silwer knoppie (stud) of ringetjie (nie dikker as 5mm) in elke oor.

A7.1.2 Ek sal slegs een oorbel per oor, maar aan beide ore, dra.

A7.1.3 Ek sal een horlosie dra.

A8. **JUWELE: SEUNS**

A8.1 Ek sal 'n horlosie dra.

A8.2 Ek sal geen ander juwele onder andere 'n oorknoppie, ring of seëlring aan my liggaam dra nie.

A9. **NAELS**

A9.1 Ek sal my naels kort knip sodat dit nie oor my vingerpunte steek nie.

A9.2 Ek as dogter sal net kleurlose naellak dra, indien nodig.

A10 **SPESIALE GELEENTHEDE**

A10.1 Verjaardae: Leerders dra gepaste klere soos beskryf in A3.4 van hierdie kode.

A10.2 Spesiale kleredrag word gereël, gewoonlik teen `n prys.

A11. **OPPAS VAN SKOOLKLERE**

A11.1 Ek sal my skoolklere duidelik merk sodat enige persoon dit sal sien as dit rondlê.

A11.2 Ek sal die skoolklere, soos beskryf, paslik dra na alle skoolaktiwiteite en tydens skoolure.

A11.3 Ek erken die skoolklere soos in hierdie stuk beskryf as erkende amptelike skooldrag van Laerskool Bakenkop en ek sal dit tydens skoolure en soos vereis by skoolaktiwiteite buite skoolgrense, dra.

A11.4 Ek sal nie skoolklere neem of ronddra/wegsteek as ek nie dubbel seker is dat dit aan my behoort nie.

A11.5 Ek sal self my skoolklere oppas en trots wees daarop.

A12. **IN DIE KLASKAMER**

A12.1 Ek sal alle redelike opdragte van die prinsipaal of sy gevolmagtigde noukeurig uitvoer.

A12.2 Ek sal al my huiswerk in my huiswerkboek aanteken en stiptelik voltooi.

A12.3 Ek sal onder geen omstandighede op meubels en/of ander toerusting skryf of krap sonder onderwysertoestemming nie.

A12.4 Ek sal alles doen om my klas te help skoon/netjies hou.

A12.5 Ek sal my hou by die klasreëls wat die klasleerders saam met die onderwyser opgestel het.

A12.6 Ek sal die klaskamer nie sonder toestemming van die onderwyser aan diens verlaat nie.

A12.7 Ek sal altyd as 'n leier en 'n voorbeeld vir ander optree deur orde in die klas te help handhaaf deur self gedissiplineerd op te tree.

A12.8 Ek sal my tas nie in paadjies los nie, maar plaas soos deur onderwyser gereël.

A12.9 Ek sal my sportsakke en ander toerusting ordelik binne/ buite die klaskamer plaas soos deur onderwyser gereël.

A12.10 Ek sal die klaskamermeubels netjies, soos deur onderwyser gereël, agterlaat as ek die klas verlaat.

A12.11 Ek sal stilbly as die klok lui aan die einde van periode/dag sodat die onderwyser reëlings kan tref dat ek die klas verlaat.

A12.12 Ek sal ophou werk indien 'n besoeker die klas binnekom, beleefd groet/groet beleefd beantwoord en aangaan met my werk indien die besoeker nie verdere gesprek (met my/groep) aanknoop nie.

A12.13 Ek sal nie tydens onderrig of leer kletspraatjies aanknoop/iets doen wat my eie/ander leerders se aandag aftrek nie.

A12.14 Ek sal na pouse/klaswisseling die klas stil binnekom, my boeke en skryfmateriaal uithaal, begin werk totdat 'n nuwe opdrag gegee word.

A12.15 Ek sal vooraf met die verantwoordelike onderwyser reël as ek laat sal wees vir sy klas.

A12.16 Ek sal nie eetgoed in die skoolsaal/klaskamers eet sonder toestemming nie.

A12.17 Ek sal my beste werk moontlik lewer met die talente wat ek ontvang het.

A12.18 Ek sal nie tydens pouse of enige ander nie-onderrigtyd binne die klaskamer of die saal wees sonder toesig/ toestemming van die prinsipaal of sy gevolmagtigde nie.

A12.19 Ek sal nie tydens toetse en eksamen op enige manier afkyk of myself onregmatig bevoordeel nie.

A12.20 Ek sal my skoolwerk vir elke periode soos nodig, by die skool hê.

A13. **BUITE DIE KLASKAMER**

A13.1 Ek sal nie gedurende pouses by die fietsloods kom nie.

A13.2 Ek is mede-verantwoordelik om kleedkamers, stoepe en die terrein netjies en skoon te hou: Ek sal self bv. papiere optel en in 'n asblik gooi.

A13.3 Ek sal nie in die skoolterrein of in my skooldrag buite die skoolterrein, rook nie.

A13.4 Ek sal my op die skoolterrein en buite die skoolterrein tydens skooluitstappies of toere gedissiplineerd, hoflik en vriendelik gedra.

A13.5 Ek sal myself nie moedswillig beseer of op so 'n wyse gedra dat mede-skoliere, onderwysers of my ouers/voogde hul vir my skaam nie.

A13.6 Ek sal nie my mond, hande of voete gebruik om my mede-mens moedswillig te beseer, beledig of van hom of sy familie kwaad praat of enige liggaamlike skade aan te doen nie.

A13.7 Ek sal nie die skoolterrein verlaat sonder toestemming van die prinsipaal of sy gevolmagtigde nie.

A13.8 Ek sal op die speelplekke speel soos van tyd tot tyd in die skool gereël.

A13.9 Ek sal nie tydens pouses of wanneer ook al in die klaskamer, stoepe, skoolsaal of kleedkamers speel of mors sonder vooraf toestemming van die prinsipaal of sy gevolgmagtigde nie.

A13.10 Ek sal die gesag van die prinsipaal of sy gevolmagtigde gehoorsaam en respekteer.

A13.11 Ek sal my deeglik voorberei vir klaskameraktiwiteite deur gereeld huiswerk te doen en self verdere navorsing oor skoolwerk te doen in die media of per rekenaar of middele vir ‘n konstruksie vergader.

A13.12 Ek sal my tuis deeglik voorberei vir toetse en eksamen nadat ek vooraf seker gemaak het wat die leereise is.

A13.13 Ek sal die skoolterrein alleenlik tydens skoolure verlaat nadat 'n skriftelike kennisgewing van my ouer/voog by die skool ingehandig is en die kennisgewing deur die prinsipaal of sy gevolmagtigde goedgekeur is.

A13.14 Ek sal nie die skool tydens skoolure of tydens pouses verlaat sonder spesifieke verlof nie.

A13.15 Ek sal die terrein van aktiwiteit gedurende aktiwiteite weg van die skool nie verlaat sonder spesifieke verlof nie.

A13.16 Ek sal saam met my ouer/voog besluit aan watter buitemuurse bedrywighede ek wil deelneem.

A13.17 Ek sal die skoolterrein betree, nie meer as dertig minute voor aanvangstyd van enige aktiwiteit nie.

A13.18 Ek sal die skoolterrein verlaat nie meer as dertig minute na afhandeling van 'n aktiwiteit nie.

A13.19 Ek sal vroegtydig verskoning maak by my afrigter self as ek 'n oefening nie kan bywoon nie.

A13.20 Ek erken dat hier na skool nie toesig vir my gereël is op die skoolterrein nie en sal ooreenkomstig skoolreëls myself oppas deur myself en veral my hande, voete en mond van ander mense en konstruksies/voorwerpe weghou waar ek beseer kan raak.

A13.21 Ek sal na enige skoolbedrywigheid reguit huis toe gaan of gaan na waar met my ouers/voogde gereël.

A13.22 Ek sal op die tennisbaan slegs tennis of netbal speel.

A13.23 Ek sal binne die skoolterrein vir my ouers/voogde wag om my te kom haal na skoolaktiwiteite/naskool.

A13.24 Ek sal oplettend en veilig die voertuigvrye loopgang gebruik om hetsy na die skoolterrein of na voertuie of huiswaarts te beweeg.

A13.25 Ek sal vir my ouers/voogde wag binne die skoolterrein.

A14. **BESERINGS OF SIEKTE TYDENS SKOOLAKTIWITEITE**

A14.1 Indien ek, tydens skoolure 'n besering opdoen of siek word, sal ek dit onmiddellik by die klas of vakonderwyser/kantoor/onderwyser aan diens rapporteer. Tydens 'n aktiwiteit weg van die skool sal ek 'n besering of skielike siekte dadelik aan die onderwyser aan diens rapporteer.

A14.2 Ek sal myself of 'n ander persoon nie moedswillig beseer of kwaad aandoen op 'n wyse dat hy gekrenk/ beseer word of siek word nie.

A15. **KLASWISSELING**

A15.1 Een klok lui vir klaswisseling.

A15.2 Ek het vier minute vir klaswisseling.

A16. **FIETSE EN MOTORS**

A16.1 Ek sal my fiets altyd in die fietsloods toesluit met my eie slot.

A16.2 Ek sal nie op my fiets in die skoolterrein ry nie.

A16.3 Ek sal nie my fiets op 'n ander plek, soos op die sportveld, neersit of bêre nie.

A16.4 Ek sal nie iemand anders se fiets op enige wyse hanteer met die doel om dit te beskadig nie.

A16.5 Ek bring my fiets soos enige ander persoonlike eiendom, op eie risiko en verantwoordelikheid na die skool.

A16.6 Ek sal die skool nie aanspreeklik hou vir diefstal/ breekskade aan my fiets nie.

A16.7 Ek sal nie met enige voertuig op die skoolterrein peuter of dit beskadig nie.

A16.8 Ek sal nie tussen voertuie speel nie.

A17. **GEBRUIK VAN KLEEDKAMERS**

A17.1 Ek sal kleedkamers skoon nalaat na gebruik.

A17.2 Ek sal nie in kleedkamers speel nie.

A17.3 Ek sal nie kos in die kleedkamers indra of eet nie.

A17.4 Ek sal nie papier, kos of ander afval of voorwerpe in kleedkamers gooi nie of die mure vuilsmeer nie.

A17.5. Ek sal ander leerders se privaatheid in toilette respekteer en nie deur oopstamp of oor die mure klouter om sodoende 'n ander leerder in die verleentheid te stel nie.

A18. **KLEREDRAG VIR SKOOL, SPORT, KULTUUR EN ANDER FUNKSIES**

A18.1 Ek erken dat ek nie toegelaat sal word om in ander drag as die voorgeskrewe skooldrag of drag soos vooraf met die skool ooreengekom vir die spesifieke bedrywigheid, aan die bedrywigheid deelneem nie.

A19. **OEFENING: KULTUUR- EN SPORTOEFENING**

A19.1 Ek sal vroegtydig verskoning maak by my afrigter self as ek 'n oefening nie kan bywoon nie.

A19.2 Ek erken dat hier na skool nie toesig vir my gereël is op die skoolterrein nie en sal ooreenkomstig skoolreëls myself oppas en my hande, voete en mond van ander mense en konstruksies/voorwerpe weghou, veral waar ek beseer kan raak.

A19.3 Ek sal na enige skoolbedrywigheid reguit huis toe gaan of gaan na waar met my ouers/voogde gereël.

A20 **SKOOLTAS**

A20.1 Ek sal slegs 'n seil-/leertas met vier of meer afskortings gebruik om my skoolboeke mee te vervoer.

Rede: Afskortings help skoolboeke/-skrifte beskerm.

A20.2 Ek sal my skooltas volgens my skoolrooster pak sodat ek die regte boeke/skrifte vir elke periode saambring.

A20.3 Ek sal nie huiswerk tuis 'vergeet' nie, maar in my tas pak: Ek sal altyd my huiswerk betyds voltooi, betyds na die skool bring en betyds inhandig vir evaluering.

A21. **GEDRAG OP TRAPPE EN STOEPE**

A21.1 Ek sal nie op trappe/stoepe hardloop, 'n maat stamp of andersins daar speel nie.

A21.2 Ek sal in enkel gelid links op trappe/stoepe loop, spesifiek met klaswisseling en wanneer baie mense die trappe/ stoep gebruik.

A21.3 Ek sal nie ander leerders se tasse oopmaak, daaraan peuter of probeer afstamp, veral gedurende wisseling op die stoepe/trappe nie.

A22. **SPEEL OP SKOOLTERREIN NA SKOOLURE**

A22.1 Ek sal slegs na skoolure op die skoolterrein speel as ek vergesel is van my ouer/voog. Verkieslik speel seuns dan met hul pa en dogters met hul ma.

A22.2 Ek erken dat slegs leerders wat aan die skool verbonde is op die skoolterrein speel, vergader of rondloop soos in kode beskryf: Die reg van toegang tot die skoolterrein word voorbehou.

A22.3 Ek sal die bewegings van alle persone wat nie leerders van die skool is nie fyn dophou, moontlik ook neerskryf en aan die prinsipaal of sy gevolmagtigde meedeel so vroeg ek kan.

A22.4 Ek sal self geen skooleiendom van watter aard ookal beskadig, breek of daarop skryf nie.

A22.5 Ek erken dat ek nie die skool of skoolpersoneel verantwoordelik kan hou vir enige skade, verlies of besering van watter aard ookal as ek sonder toesig na skool op die skoolterrein aan eie bedrywighede deelneem nie.

A23. **ROLSKAATSE**

A23.1 Ek sal nie met rolskaatse in enige vorm ookal op die skoolterrein ry nie al is ek onder toesig van my ouers/voogde.

A24. **GEDRAG TEENOOR ALLE VOLWASSENES**

A24.1 Ek sal altyd vriendelik en hoflik wees teenoor alle volwassenes, hetsy dit 'n onderwyser, ouer/voog of besoeker aan die skool is.

A24.2 Ek sal alle volwassenes behulpsaam wees deur bv. pakkies te help dra, deure oop te maak en pad aan te wys.

A25 **ONWELVOEGLIKE GEDRAG**

A25.1 Ek sal op geen persoon spoeg of urineer nie.

A25.2 Ek sal geen persoon se klere vir my neem nie. Dit is diefstal om iemand anders se klere/enige ander besittings vir jouself te neem.

A25.3 Ek sal my mede-leerder(s) verdra, ondersteun, hul besittings uitlos en hul verkeerde gedrag afkeur.

A25.4 Ek sal nie onnodig kwaad praat van ander nie.

A25.5 Ek sal nie ‘n mede-leerder beledig, treiter, belaster, slaan, vloek, uittart, aftakel of beseer nie.

A25.6 Ek sal nie op die skoolterrein, of tydens enige ander skoolaktiwiteit vry of voor leerders van die eie en teenoorgestelde geslag so optree met die doel om myself aanstootlik te ontbloot, ontklee of enigiemand aanmoedig om ook so iets dergeliks te doen nie.

A25.7 Ek sal op geen wyse onwelvoeglik in die openbaar optree nie.

A25.8 Ek sal altyd die waarheid praat en nie 'n maat wat oortree het, beskerm nie.

A25.9 Ek sal my nie skuldig maak aan onsedelike/immorele gedrag (in stryd met goeie sedes d.w.s. sedelik/gewoonte/gebruik wat in 'n bepaalde groep as goed/ normaal beskou word) vloekery of godslastering nie.

A25.10 Ek sal niemand spot nie.

A25.11 Ek begaan 'n wangedrag en verdien straf as ek gesag ondermyn op enige manier soos om:

A25.11.1 minagtend op te tree

A25.11.2 met enige persoon saam te sweer of aan so 'n persoon hulp verleen om wangedrag te pleeg.

A26. **SPEELGOED**

A26.1 Ek sal al my speelgoed tuis laat: Dit kan net by die skool wegraak, breek of ander beseer.

A26.2 Ek verstaan onder kinderspeelgoed ook die volgende: mes, enige skerp voorwerp, musiekspeler of -instrument, rolskaats, enige regte of nagemaakte rewolwer, pistool of geweer, klappers van enige aard, ammunisie of ketties.

A26.3 Ek sal nie met rolskaatse op die skoolterrein speel nie, **AL IS EK OP SKOOLTERREIN ONDER TOESIG VAN MY OUERS.**

A26.4 Ek sal nie klouter oor/deur/in bome, skoolheining, stoeprelings, mure en ander konstruksies

A26.5 Ek sal nie binne 'n area wat, bv. met lint/lyn afgekamp is, of 'n area waar konstruksiewerk/ onderhoudwerk van enige aard plaasvind, inbeweeg nie.

A27. **DIEFSTAL**

A27.1 Ek sal nie `n ander persoon se klere, skrifte, tas of enige ander eiendom ronddra, vir my neem, wegsteek natgooi of op enige wyse beskadig of wegsteek nie.

A27.2 Ek sal toestemming van die persoon kry wie se eiendom ek wil leen, voordat ek dit leen.

A28 **NASKOOLSENTRUM**

A28.1 Ek sal nie by die naskoolleerders kuier terwyl hul as ingeskrewe naskoolleerder in naskoolbeheer is nie en ek nie in die naskool opgeneem is nie.

A29. **VEILIGHEID**

A29.1 Ek sal nie enige valse inligting oor myself gee nie.

A29.2 Ek sal nie skadelike graffiti, bv. haatwoorde, seksisme of rassisme op mure of op ander voorwerpe skryf in die skoolgrense of waar ek skoolaktiwiteite het buite die skoolgrense nie.

A29.3 Ek sal nie diefstal pleeg of in besit wees van gesteelde goedere nie.

A29.4 Ek sal nie disrespek, afkeuringswaardige gedrag en woordelikse belediging rig op onderwyspersoneel, ander skoolwerkers, besoekers, ouers/voogde of medeleerders nie.

A29.5 Ek sal niemand te kort doen (viktimiseer), boelie en intimideer nie.

A30. **ONDERWYS**

A30.1 Ek sal nie die onderrig- en leerproses in 'n klas tekort doen, bedreig, ontwrig of ontwyk nie.

A30.2 Ek sal my nie skuldig maak aan die verbreking van eksamenreëls deur bv.:

A30.2.1in 'n toets of eksamen bedrieglik op te tree nie soos bv. om af te kyk;

A30.2.2enige toets- of eksamenmateriaal versprei wat enige ander persoon in staat mag stel om 'n onregverdige voordeel in 'n toets of eksamen te verkry nie.

A31. **REGTE**

A31.1 Ek sal nie enige ander persoon seksueel lastig val nie.

A31.2 Ek sal nie in besit wees van enige pornografiese materiaal by skoolbedrywighede of sodanige materiaal by skoolbedrywighede, hetsy op skoolterrein of elders, versprei nie.

A31.3 Ek sal nie enigsins op die skoolterrein of met aktiwiteite weg van die skool rook of onder die invloed van alkohol verkeer nie.

A32. **GEDRAG**

A32.1. Ek sal my nie skuldig maak aan bedrog (kullery, misleiding, oneerlikheid) nie.

A32.2 Ek sal nie enige persoon omkoop of probeer omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen, om homself of haarself of 'n ander persoon in staat te stel om 'n onregverdige voordeel daardeur te verkry nie.

A32.3 Ek sal nie handeldryf met enige toets- of eksamenvraestel of enige toets- of eksamenmateriaal nie.

A32.4 Ek sal nie enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand nie.

A32.5 Ek sal nie enige persoon as gyselaar aanhou nie.

A32.6 Ek sal nie enige persoon vermoor nie.

A32.7. Ek sal skuldig wees aan ernstige wangedrag as ek by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag beskryf onder kategorie B skuldig bevind is.

A32.8 Ek sal skuldig wees aan ernstige wangedrag as ek versuim om aan 'n bestraffing of opskorting as korrektiewe maatreël te voldoen.

A33. **KWAADWILLIGE BESKADIGING VAN EIENDOM BY DIE SKOOL**

A33.1 Ek sal aanspreeklik wees vir enige skade wat ek by die skool aangerig het deur dit op eie koste te herstel/ vervang.

A33.2 Ek sal nie met ligskakelaars, ligte, kragproppe, verdeelborde of enige elektriese apparaat peuter of speel nie.

A33.3 Ek sal nie met waterkrane, waterpype, skoolgoed, soos bv. bakstene, toiletbakdele, implemente, gereedskap, voertuie, tuinslange of enige besproeiingsapparaat peuter of speel nie.

A34. **ONDERRIGMATERIAAL EN LEERHULPMIDDELS (o.a. HANDBOEKE, SKRIFTE EN ONDERRIGMATERIAAL VAN ENIGE AARD) MEDIABRONNE**

A34.1 Ek sal nie enige onderrigmateriaal en/of leerhulpmiddels moedswillig verwyder, verruil, beskadig, verbrand of tot niet maak nie.

A34.2 Ek sal enige onderrigmateriaal en/of leerhulpmiddel van die skool wat ek verniel, beskadig, verbrand of tot niet gemaak het, herstel, vervang of daarvoor teen markwaarde vergoed.

VLAK B: WANGEDRAG

ERNSTIGE WANGEDRAG WEENS OORTREDING VAN SKOOLREëLS EN DAARDIE WANGEDRAG BESKRYF IN BYALE 2, SOOS TELKENS DEUR DIE MINISTER VAN ONDERWYS VAN TYD TOT TYD GEWYSIG EN SOOS HIERONDER BESKRYF

B1. **VERDOWENDE MIDDELS**

B1.1 Ek sal nie enige ongespesifiseerde ongemagtigde verdowende of bedwelmende middel van enige aard waarvan tabak en alkohol voorbeelde is, op die skoolterrein of tydens 'n skoolaktiwiteit op enige plek, self gebruik, onder leerders versprei, daarmee handeldryf, die gebruike daarvan aanmoedig of selfs net besit of te voorskyn haal nie.

B2. **VUURWAPENS EN AMMUNISIE/NAMAAKSELS VAN VUURWAPENS OF AMMUNISIE, MESSE EN ANDER GEVAARLIKE WAPENS, WAARONDER KETTIES**

B2.1 Ek sal nie enige van genoemde gevaarlike wapens of ammunisie op die skoolterrein besit, bring, daarmee speel, handeldryf, ander daarmee dreig, dit gebruik of selfs net vertoon nie. Hieronder tel ook klappers

B3. **VEILIGHEID**

B3.1 Ek sal nie met enigiemand fisies veg, hom/haar aanrand of dreig om aan te rand op enige wyse of aard nie.

B3.2 Ek sal myself nie skuldig maak aan onwettige aksie, vandalisme, kwaadwillige beskadiging of ontsiering van skooleiendom of ander se eiendom by die skool nie.

B3.3 Ek sal my nie skuldig maak aan kriminele en onderdrukkende gedrag soos verkragting, seksueel lastig val van 'n ander persoon en geslagsgebaseerde teistering of onwelvoeglike optrede in die openbaar nie.

B3.4 Ek sal nie opsetlik en moedswillig vals inligting verskaf of dokumente vervals om 'n onregverdige voordeel te behaal in die skool of tot werklike of potensiële nadeel van die skool (ander leerders, personeel, ouers) nie.

B3.5 Ek sal geen eiendom vir myself neem, my aan diefstal skuldig maak of andersins tot nadeel van 'n ander persoon oneerlik optree nie, hetsy dit gemerk of ongemerk is, as ek nie baie seker is dat dit voorheen aan my behoort het nie.

B3.6 Ek sal nie enige persoon as gyselaar aanhou nie.

B3.7 Ek sal nie enige persone vermoor nie.

B4 **TOETSE EN EKSAMENS**

B4.1 Ek sal nie handeldryf met enige toets- of eksamenvraestel of enige toets- of eksamenmateriaal nie.

B4.2 Ek sal nie enige persoon omkoop of probeer omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen, om homself of haarself of ’n ander persoon in staat te stel om ’n onregverdige voordeel daardeur te verkry.

B5 **BEDROG**

B5.1 Ek sal my nie aan bedrog skuldig maak nie.

B6 **SKULDIGBEVINDING**

B6.1 Ek sal aan wangedrag skuldig bevind word indien ek::

B6.1.1 skuldig bevind word aan wangedrag soos bedoel in Vlak A-kode beskryf, nadat ek by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is;

B6.1.2 versuim om aan 'n bestraffing of opskorting of sanksie as korrektiewe maatreël te voldoen; of

B6.1.3 as ek enige ander wangedrag doen soos in hierdie kode beskryf.

PROSEDURES

1. DEURSOEKINGS

Die prinsipaal of 'n opvoeder beskik oor die wetlike bevoegdheid om enige leerder of eiendom in besit of onder beheer van die leerder te deursoek of te laat deursoek vir 'n gevaarlike wapen, dwelms of 'n verbode middel, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal wat op die skooleiendom gebring word, indien toestemming vir die deursoeking deur die leerder se ouer verleen is of indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat die leerder sodanige wapen, dwelms, middel, eiendom of materiaal besit of onder sy of haar beheer het. ('n Deursoeking mag uitgevoer word ingevolge Wette van Algemene Toepassing, naamlik die Wet op die Beheer en Toegang tot Openbare persele en Voertuie, 1985 (Wet Nr 53 van 1985); die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet Nr 140 van 1992) en die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet Nr 75 van 1969). Gedurende 'n deursoeking moet die betrokke leerder met waardigheid behandel word en 'n leerder moet deur 'n persoon van dieselfde geslag deursoek word, verkieslik in die teenwoordigheid van ten minste aan ander persoon. 'n Verslag moet daarna van die deursoekingsprosedures en die uitslag daarvan, opgestel en bewaar word.

2. GRIEWEPROSEDURE

'n Leerder wat oor enige aangeleentheid binne skoolverband gegrief voel, kan sy/haar grief lug deur 'n vorm vir die doel by die skoolkantoor af te haal, voltooi en aan sy/haar registervoog te oorhandig. Die registervoog het drie (3) skooldae tyd om die grief te

probeer oplos. Indien die registervoog die grief nie in die gegewe tyd bevredigend kan oplos nie, word die grief na die graadhoof of prinsipaal van die betrokke departement verwys. Die prinsipaal van die departement het drie (3) skooldae vanaf dag van ontvangs om die grief op te los. Indien die grief nie opgelos word nie, word die grief na die adjunk-prinsipaal verwys wat vyf(5) skooldae het om die aangeleentheid op te los. Ingeval die grief onopgelos is, word die grief na die prinsipaal vir finale beslissing binne vyf(5) skooldae verwys.

'n Onderwyser teen wie se beslissing 'n grief gelig is, mag nie deel wees van die beslissing nie. Indien die grief teen die prinsipaal se beslissing is, word die beslissing deur die beheerliggaam finaal afgehandel.

3. DISPUUTBESLEGTING

3.1 Die dagbestuur van die beheerliggaam stel ‘n dispuutbeslegtingskomitee aan om ingeval van ‘n oënskynlik onoplosbare dispuut tussen die leerders en die opvoeders van die skool rakende die vertolking van die kode. Die dispuutbeslegtingskomitee beslis finaal oor die dispuut.

3.2 **Samestelling van die dispuutbeslegtingskomitee**: Die komitee bestaan uit vyf(5) lede soos volg saamgestel:

- ‘n leerder wat lid is vanuit die leerlingraad, aangewys deur leerders wat by die dispuut betrokke is
- ‘n opvoeder deur die prinsipaal aangewys
- die voorsitter van die beheerliggaam van die skool, wat ook as voorsitter van die dispuutbeslegtingskomitee sal optree
- ‘n nie-opvoederlid van die beheerliggaam wat deur die voorsitter van die beheerliggaam aangewys word.

3.2 Bevoegdhede en werksaamhede van die dispuutbeslegtingskomitee.

Die voorsitter van die beheerliggaam roep die dispuutbeslegtingskomitee saam binne veertien (14) skooldae nadat die dispuut ‘n dooiepunt bereik het.

Die kennisgewing van die vergadering van die dispuutbeslegtingskomitee moet vergesel wees van ‘n skriftelike opsomming van standpunte van elke party wat by die dispuut betrokke is. Daar moet behoorlik notule gehou word van die verrigtinge van die vergadering.

Die beslissing waartoe die dispuutbeslegtingskomitee kom, is finaal en word as sodanig aan al die betrokke partye gekommunikeer.

4. PROSEDURE MET SUMMIERE OPTREDE

In gevalle waar ‘n leerder se beweerde wangedrag die klimaat van onderrig en leer onmiddellik in gevaar stel of ontwrig in die klas of skool en/of ‘n bedreiging is vir die veiligheid van enige persoon of deurdat ‘n leerder hom/haar op ‘n wyse gedra wat volgens oordeel van die prinsipaal summiere opskorting regverdig kan die leerder sonder versuim, dit wil sê voordat ‘n dissiplinêre verhoor gehou kan word, die sanksie uitsetting op betrokke leerder(s) toepas.

Die reg om aangehoor te word, moet binne drie (3) skooldae na die opskorting aan die leerder verleen word. Die leerder of sy verteenwoordiger word op dieselfde dag dat die uitsetting in aanvang geneem het, deur die prinsipaal, skriftelik, aangesê om op die aan-

geduide tyd, datum en plek voor die dissiplinêre komitee te verskyn ten einde redes aan te voer waarom sy of haar opskorting nie voortgesit moet word nie.

Wat die besluit rakende voortgesette opskorting aanbetref, let op paragraaf 2.2.5 dissiplinêre stappe behoort kort daarna op ‘n wyse beskryf in hierdie gedragskode van Laerskool Bakenkop, geneem te word.